

## Perfekte Harmonie in Patroon en Web *Neoscona triangula*-Spinnekop



Die eerste drie fotos is uit die internet, die ander hier op die plaas geneem

As 'n mens hierdie buitengewoon mooi patrone sien, kan jy nie anders as om te wonder vir wie of met watter doel dit gemaak is om te sien, want die meeste van hierdie *Neoscona* spesies is **nagaktief**. **Sien hulle anders as ons?** Is dit om die teenoorgestelde geslag aan te lok? Is dit om moontlike vyande af te skrik?

Mooi, netjies en slim: Rooikol-Harige-Veldspinnnekop *Neoscona triangula*, dis waaroor ek gaan vertel.

So het ek haar vir die eerste keer gesien:

Die web was teen my wasgoedlyn opgehang, die bokant is ongeveer 60 tot 70 cm wyd. Na die onderkant toe vernou dit effens na tussen 40 en 60 cm.wydte. Die sentrum waar die spinnekop posisie inneem, is nie in die middel van die web nie, eerder in die boonste derde van die hele web. Heel onder aan die web hang 'n gewiggie wat die groot web "af- en so ooptrek". Eers was



die gewig twee droë blare wat onder aan 'n draad van ongeveer 30 cm lengte gehang het, maar die wind het die web opgevou, die gewiggie was te lig of het nie ver genoeg afgehang nie. Sy het mettertyd slim geword en die gewiggie swaarder (nou is dit 'n stukkie droë gansmis) en die draad langer gemaak. Die gewiggie hang skaars 5 cm bokant die grond;...Is dit nie verbasend slim nie????!

Elke aand as dit donker is, begin weef sy haar groot web. Partykeer is dit heeltemal rond, partykeer meer ovaal ; die gewiggie trek dit dalk ietwat af.



As die web klaar is, gaan sit sy in die middel en wag vir prooi. Sodra iets in die web vasvlieg en probeer loskom, hardloop sy soontoe, trek 'n paar van die webdrade saam en begin die prooi netjies toedraai. Dan gaan sit sy weer in die middel en wag vir die volgende kos of sy vat die prooi na die middel en eet solank tot die volgende diertjie in die web beland . Die kos word gelos, die nuwe goggatjie ook weer toegedraai. Hoeveel goggas sy per aand vreet, weet ek nie. Maar as die wind te erg waai OF as die web baie stukkendgeruk is deur groot goggas OF as ek kom pla het met flitslig, het sy afgehardloop teen die draad wat die gewiggie hou, die gewiggie afgeknyp, blitsvinnig teen die draad weer opbeweeg en die hele groot wawielweb binne sekondes

opgevreet. Al wat oorbly, is die brugdraad en die toegedraaide goggas wat nog uitgesuig moet word

In die oggend en gedurende die dag skuil sy naby, gewoonlik tussen blare of onder boombas; my wasgoeddraad-spinnekop het in 'n oosterse dekorblom geskuil. Daar het sy dan nou ook haar eierkokon toegespin en pas dit op tot die kleintjies uitkom en self kan aangaan.

Onder op die twee fotos sien ons, hoe sy die kokon in 'n hoekie geplaas het (sy het twee eierkokonne gemaak) en nou 'n skuiling vir haarself spin. Op die tweede foto sien ons bo by die blom se blare 'n broeisel klein spinnekoppies uitkom. Hulle spin 'n draad waaraan hulle hang, en die wind dra hulle weg. Watter soort spinnekoppe dit is, kan ek nie met sekerheid sê nie, hulle is BAIE KLEIN, (vir my) te klein om te identifiseer., ek vermoed, dis 'n vorige broeisel van hierdie *Neoscona-mamma*.



Op die volgende drie fotos kan ons sien hoe sy lyk:

Die kleur is grys-beige met 'n sigsag-patroon op die agterlyf (wat nogal kenmerkend is vir *Neoscona*-spesies, baie het dit in een of ander vorm)

Grootte is 15 tot 20 mm lengte, maar as haar bene oopgesprei is, lyk sy BAIE groter.

Op die onderkant van die agterlyf sit die redelike groot rooi (dit kan ook na oranje, sefs donker geel gaan) vlek, wat aan die knopiespinnekop s'n laat dink, maar die twee het **geheel en al NIKS** met mekaar te doen nie. Die rooi kol gee dan ook die naam aan die spinnekop: *Rooikol-harige-veld-spinnekop*





*Neoscona triangula*



amper 20 mm lank



rooi vlek onder aan abdomen

Oor die algemeen kan 'n mens oor die *Neoscona*-spinnkeppe sê:

Hulle behoort aan die *harige veldspinnkeppe*, *Araneidae*.

Hulle is wawielwebbouers, meeste van hulle nagaktief.

Hulle is **nie giftig nie**, intendeel, vir ons is hulle van groot nut.

Hulle het 'n rooi kol aan die onderkant van die agterlyf net soos die knopiespinnkep *Latrodectus*.

As ons dus nou in die donker 'n buitengewoon mooi en groot wawielweb op die werf of naby die huis sien met 'n rooikol-spinnkep daarin, DIS HIERDIE EEN. Anderdag more is die web weg. Ongelukkig kon ek nie baie ander inligting oor hierdie spinnkep opspoor nie, behalwe dit wat ek self gesien het.



Ene daarvan (nogal klein) is ook soms dagaktief; sy verwyder nie altyd die web nie, en as daar bedags iets in die beland, kom haal sy dit.



Inligtingsbronne: Ansie Dippenaar -Schoeman (Dankie!), *Spider-field-guide-web-dwellers*, (A.D-Schoeman

*GOGGAgids* (Erik Holm, Ansie Dippenaar-Schoeman

*Filmer's Spiders, An ID guide for Southern Africa* (Martin Filmer revised by Norman Larsen)

Teks: Anka Eichhoff

Fotos: eerste drie in table uit Internet, res Anka Eichhoff

Desember 2017